Landbou Skougronde
Posbus 691
Malmesbury
7299

Tel: 022 487 2142
Faks: 022 482 1583 E-pos:
cpmkantoor@telkomsa.net
Webwerf: www.cpmschool.co.za

Prospektus van die Christelike Privaatskool Malmesbury

Hartlik welkom!

Die Beheerraad, personeel, leerlinge en ouers heet u by voorbaat welkom as deel van die Christelike Privaatskool Malmesbury familie.

Elkeen wat betrokke is by die skool, is vir ons baie belangrik. Ons sien die skool as ‘n verlengstuk van die ouerhuis en derhalwe is ons baie opgewonde oor u verbintenis met ons skool.

Ons wil verseker dat Laerskooldae met opregte trots onthou sal word.

CPM-groete

Willie Taylor

Skoolhoof

Historiese Oorsig

Die moontlikheid om ‘n privaatskool in Malmesbury te begin, is sedert 1996 deur individue ondersoek, aangesien die groter klasse in die departementele skole gehalte-onderrig op individuele vlak bemoeilik het.

Op 19 Januarie 1999 open die Christelike Privaatskool Malmesbury dus sy deure en spog met nege leerders en drie leerkragte. Ons kan met groot dankbaarheid getuig dat leerdergetalle steeds jaarliks groei.

Die nuwe onderwysbedeling het voorwaar nuwe uitdagings aan die gemeenskap gestel en met ‘n opregte dankbaarheid kan ons getuig dat die behoefte vir alternatiewe onderrig steeds toeneem en dat ons skool van krag tot krag groei.

In 2005 brei die skool verder uit met die byvoeging van ‘n Gr. R klas en in 2011 begin ons voorskoolse klas, die Jelly Tots vir 3-5 jariges. Die skool se leerdergetalle het gegroei tot ongeveer 236 leerders en ons leerkragte tot 22. Die huidige skoolhoof is Willie Taylor.

Doelstellings en Missie

Algemene Doelstellings

CPM glo aan die kind as totale wese, die somtotaal van liggaam, verstand en gees. Goeie gesindhede word hoog aangeskryf. Stiptelikheid, getrouheid, deursettingsvermoë en hoflikheid sal gehandhaaf word.

Doelstellings

Die skool stel hom ten doel om:

1. sy leerders akademies, kultureel en fisiek voor te berei vir die lewe;
2. gehalte-onderrig te lewer;
3. Christelike beginsels met Jesus Christus as enigste Verlosser, na te streef;
4. klasgetalle laag te hou;
5. ‘n moderne tegnologiese inslag te verseker; en
6. nie te diskrimineer op grond van ras, taal en geslag nie.

Missie

Hierdie skool verbind hom tot:

1. bekostigbare gehalte-onderrig waardeur hy sy leerders deur ‘n hoë mate van individuele onderrig lei tot volwaardige burgers met goeie selfbeeld;
2. om vir hierdie kind ‘n gelukkige, geborge en veilige omgewing te skep; en
3. om Christelike waardes, beginsels en praktyke te beoefen soos verwoord in die Bybel.

Basiese Beginsels

1. Respek vir ons Skepper en Sy Skepping
2. Respek vir jouself
3. Respek vir ons medemens en omgewing

Kurrikulum

Die Nasionale Kurrikulum, word onderrig van Graad 1 tot Graad 7.

Huistaal en Eerste Addisionele Taal
Lewensvaardigheid
Natuurwetenskap en Tegnologie
Sosiale Wetenskappe
Wiskunde

Toetse en Eksamens (Graad 4 tot 7)

Gedurende die eerste en derde kwartale word slegs toetsreekse afgelê, terwyl daar gedurende die tweede en vierde kwartale ‘n formele eksamen geskryf word. Ons poog hierdeur om die leerders sonder stres toe te rus met die vaardighede wat nodig is vir die aflê van ‘n eksamen. Die graad 4’s word in ‘n mindere mate hieraan blootgestel.

Ko-Kurrikulêre Aktiwiteite

Kultuur
Die volgende geleenthede vir deelname word aangebied:

Debatvoering	Sang en Drama
Konserte	Eisteddfod
Skoolkoor	Vasvra
Entrepreneurs	Naaldwerk
Uitstappies	Koffiekroeg
Olimpiades (bv. Amesa, Conquesta)	Kosklasse

Blik- en Draadwerk
Individuele klavier-en blokfluitlesse (addisionele koste)

Leierskapsontwikkeling
Alle Graad 7-leerders woon jaarliks 'n leierskapkamp by.

Rekenaargeletterdheid
Graad R tot 7 kry rekenaaropleiding wat gekoppel is aan die bestaande kurrikulum. Die gewilde Microsoft Office-program word onder andere aan die leerlinge bekend gestel d.m.v. die "Computer for 4 Kids" Program.

Gemeenskapsdiens
Daar word op 'n gereelde grondslag uitreikingsaksies na die gemeenskap gehou.

Sport

Ons is geaffilieer by die Buiteskole Sportunie en u kind sal dus alle blootstelling en sportvoorregte hê soos in 'n departementele skool.

Somersport	Wintersport
Swem	Rugby
Atletiek	Netbal
Krieket	Hokkie
Tennis	Sokker

Buitesport
Ons leerlinge neem ook (op eie onkoste) deel aan:

Ballet	Moderne Danse
Play Ball	Perdry
Karate	Gimnastiek

Erkenning word aan hierdie sportsoorte gebied.

Skooldrag

Klere word by die skool verkry.

Winter Sweetpakbroek, "soft shell" baadjie, gholfhemp en oorwegend wit tekkies met wit sokkies. Skool reënbaadjies, serpe, "body warmer" en musse.

Somer
Dogters: Blou broekrompie en gholfhemp met oorwegend wit tekkies, donkerblou "crocs" of kaalvoet.
Seuns: Blou kortbroek en gholfhemp met oorwegend wit tekkies, donkerblou "crocs" of kaalvoet.

Sportklere

Atletiek: Atletiekfrokkie met donkerblou broek
Netbal: Moulose sporthempie met netbal romp.
Hokkie seuns: Sporthemp, donkerblou (PT)broek en lang donkerblou kouse.
Hokkie meisies: Moulose sporthempie met romp(netbal) en lang donkerblou kouse.
Tennis: Sporthemp & donkerblou (PT)broek.
Sokker: Sporthemp & donkerblou (PT)broek en lang donkerblou kouse.

Krieket: Sporthempie met donkerblou (PT)broek en kort wit sokkies.
Rugby: Donkerblou (PT)broek. Rugbytrui wat deur die skool verskaf word.
Swem: Dogters – Swembroek – navy, effekleur eenstuk.
Seuns – "Jammers" – navy effekleur.
CPM swempet beskikbaar by klerebank.

Sportsakke en skooltasse is ook beskikbaar.

Daar word van alle leerders verwag om hul skoolklere te alle tye gedurende skoolure te dra asook tydens sportbyeenkomste wanneer hul nie deelneem nie.

Gedurende die eerste en vierde kwartaal word die leerders vriendelik versoek om die amptelike skoolhoed of pet te dra wanneer hulle in die son beweeg. Gr. 1-3: Wye rand hoed; Gr. 4 – 7: Pet.

Loslitdag reëls

Op gewone-klere-dae geld die volgende reëls:
- Geen ontblotende of deurskynende klere mag gedra word nie.
- Geen grimering word toegelaat.

Algemene netheid

Die dra van juweliersware word nie saam met skooldrag toegelaat nie. Wettige *Medic Alert* kentekens word uitgesonder, asook horlosies met 'n eenvoudige bandjie kan gedra word.
Kort, skoon naels sonder naellak, word vereis.

Dogters: Die hare van die dogters moet netjies versorg wees en mag nie gekleur word nie. Hare wat oor die kraag hang, moet vasgemaak word.
Die volgende haarbykomstighede is toelaatbaar:
- wit, blou en groen rekkies (skoolkleure)
- wit, blou en groen "alice bands" (skoolkleure)
- silwer "vissie" knippies

Kuiwe wat oor die wenkbroue hang, moet vasgesteek wees.
Geen grimering word toegelaat nie.
Die dra van klein silwer of goue oorringe (tot 1cm deursnee) is toelaatbaar, slegs een per oorbel. Geen oorbelle met gekleurde steentjies mag gedra word nie.

Seuns: Die hare van die seuns moet netjies versorg wees en mag nie gekleur word nie. T.o.v. haarlengte, dien die volgende as riglyn vir die ouers en leerders:
Agter - bokant die kraag
Voor - kuif tot 1cm bo die wenkbroue
Sykante - ore moet oopgesny wees

Toelatingsvereistes

1. Alle kinders wat binne die verwagte ouderdom is vir sy graad en Afrikaans of Engels magtig is, word toegelaat. Daar kan van die leerder verwag word om 'n standaard toets af te lê om sy/haar taalvaardigheid te toets.
2. Leerders se ouers moet hul finansiële verpligtinge soos hieronder uiteengesit, nakom. Leerders sal toegang tot die skool geweier word, sou ouers in die gebreke daarvan bly.
3. Leerders en hul ouers moet hulle neerlê by die skoolreëls soos deur die Beheerliggaam bepaal.
4. Respek vir die Skepper, die self en die medemens is die basis van die skoolreëls.

Skoolgelde

Intreefooi

Jelly Tots: R500 (word afgetrek van Gr. R intreefooi by registrasie in Gr. R)

Graad R: R1 500 indien kind vir die eerste keer by die skool aansluit. As die kind van Jelly Tots na Gr R kom is die intreefooi R1 000 (u het dan reeds R500 vir Jelly Tots betaal).

Graad 1-7: R3 000 (Nuwe leerling)

Intreefooie is nie terugbetaalbaar nie.

Skoolfonds is jaarliks, kwartaalliks of maandeliks vooruit betaalbaar voor of op die sewende van elke maand vir 12 maande. Rente sal gehef word op agterstallige rekeninge.

	Jelly Tots	***Gr. R***	***Gr. 1-7***
Maandelikse fooi:	R1 250	R1 640	R2 840

Wanneer meer as een kind die skool bywoon is daar afslag. Bogenoemde fooie word jaarliks hersien en is nie belasting aftrekbaar nie, maar donasies kan wel van belasting verhaal word.

Bankbesonderhede van skool:

Rekeningnaam:	Christelike Privaatskool Malmesbury
Bank:	Nedbank
Takkode:	128 505
Rekeningnommer:	128 505 2307

Algemeen

Hierdie skool se jaar het vier kwartale en verloop min of meer soos voorgeskryf deur die Departement. Ons sluit egter die einde van die kwartaal een dag vroeër as die Departementele Skole.

Skooltye dwarsdeur die jaar:

Jelly Tots	08h00-12h00
Graad R	08h00-12h15
Graad 1	07h30-12h45
Graad 2	07h30-12h45
Graad 3	07h30-13h15
Graad 4-7	07h30-14h15
**Vrydae: Graad 4-7*	*07h30-13h15*

Busroetes

Riebeeck Vallei en Durbanville:

Tariewe: R1 300/maand vir 12 maande vir 1ste kind
R1 000/maand vir 12 maande vir 2de kind
R 900/maand vir 12 maande vir 3de en meer kinders

Nasorg

CPM het 'n Nasorgsentrum waar ouers hul kinders Maandae - Vrydae tot 17h30 kan laat bly.
Florina Erasmus behartig tans die nasorg vir die juniors tot en met Gr. 2. Die leerders vanaf Gr. 3 word deur die onderwyseres, Henriëtte Smit, versorg en na omgesien.

Onderneming/Verklaring deur ouers/voogde van leerders en voornemende leerders van Christelike Privaatskool Malmesbury

Ek/ons die ondergetekende ouer/s of voog/de van

.....(volle naam) van

.....(adres)

bevestig hiermee dat ons/ek die toelatingsvereistes van die Christelike Privaatskool Malmesbury bestudeer en my/ons met die inhoud daarvan vereenselwig het.

Ek/ons verklaar hiermee my/ons bereidwilligheid om my/ons te onderwerp aan die bepalings en voorskrifte van die voormelde toelatingsbeleid, asook die skoolreëls, erekode, voorwaardes en terme, dissiplinêre reëls, skoolpraktyke, gesagstrukture en interne reëlings van die Christelike Privaatskool Malmesbury.

Ek/ons verleen hiermee verder voorts toestemming en magtiging dat die voormelde dogter/seun mag deelneem aan alle buitemuurse skoolaktiwiteite, met uitdruklike insluiting van onder andere oefeninge, wedstryde en ander sportbyeenkomste, opvoeding, kulturele en sosiale byeenkomste, sowel as die vervoer van en na sodanige byeenkomste, wedstryde, of soortgelyke aktiwiteite.

Ek/ons aanvaar dat voorgemelde seun/dogter se deelname aan alle toere, uitstappies en aktiwiteite uitsluitlik op sy/haar risiko en verantwoordelikheid is en ek/ons vrywaar en stel hiermee die Skoolhoof, Onderwysers, Beheerraad en enige gevolmagtigde van die Christelike Privaatskool Malmesbury skadeloos teen enige eise en/of aanspreeklikheid voortspruitend uit enige verlies, skade of besering aan die voormelde kind of sy/haar eiendom tydens enige van bogemelde aktiwiteite.

Hierdie vrywaring en skadeloosstelling is bindend op my/ons eksekuteur/s regsopvolgers en geskied namens almal hierin vermeld, insluitend my hierin genoemde kind.

Skoolfooie
Eenmalige nie-terugbetaalbare intreefooi is onmiddellik betaalbaar alvorens die leerder toegelaat mag word. Die vooruitbetaalde skoolfooi is jaarliks, kwartaalliks of maandeliks (12 maande) betaalbaar. Leerders wie se skoolfooie twee (2) maande agterstallig is, kan skool geweier word tot die kontrakbreuk aangesuiwer word. Hul rekening sal ook aan die prokureurs oorhandig word vir invordering.

Verklaring
Ek/ons die ondergetekendes, verklaar hiermee dat die inligting deur ons verskaf juis en korrek is. Ons stem saam met die voorwaardes soos uiteengesit.

Geteken te_____op hierdie ____dag van _____20___

_____ _____

Vader/Voog Moeder/Voog

CPM Terme en Voorwaardes

1. Aanvaarding

1.1 Die rekeninghouers soos beskryf in die aansoekvorm van die Christelike Privaatskool Malmesbury, aanvaar aanspreeklikheid as hoofskuldenaar vir die betaling van alle skoolgelde aan die Christelike Privaatskool Malmesbury soos in die aansoek uiteengesit.

1.2 Die Voog soos beskryf in die aansoek, verbind homself/haarself as borg en medeskuldenaar teenoor die Skool vir die betaling van die skoolgelde deur die rekenpligtige asook alle ander verpligtinge wat uit hierdie ooreenkoms mag spruit.

2. Betalingsvoorwaardes

2.1 Dit word geboekstaaf dat skoolgelde jaarliks vasgestel en daarna skriftelik aan alle rekenpligtiges vir kennisname deur gegee word.

2.2 Skoolgelde vir 12 maande is maandeliks, kwartaalliks of jaarliks vooruitbetaalbaar na gelang van die betaalopsie wat die rekenpligtige op die aansoek uitgeoefen het.

2.3 Betalings moet aan die Skool gemaak word sonder aftrekkings of skuldvergelyking voor of op die sewende dag van elke maand.

2.4 Inskrywingsfooie betaalbaar met registrasie is nie terugbetaalbaar wanneer die leerder die skool verlaat nie.

3. Kontrakbreuk

3.1 Indien die ondertekende borg, rekenpligtige of voog enige terme of voorwaardes van hierdie ooreenkoms verbreek, mag die Skool in sy eie diskresie:

3.1.1 Die leerder toegang tot die Skool weier tot die kontrakbreuk aangesuiwer is;

3.1.2 'n Skadevergoedingseis aanhangig maak vir alle skade wat die Skool mag gely het weens die kontrakbreuk;

3.1.3 Enige ander gepaste regstappe na sy eie goeddunke in werking stel.

4. Algemeen

Hierdie ooreenkoms stel die algehele ooreenkoms tussen partye daar en daar is geen ooreenkomste, voorstellings of waarborge wat tussen die partye bestaan, anders as wat spesifiek hierin uiteengesit word nie. Geen wysiging of kansellasie van hierdie ooreenkoms sal enige regskrag dra tensy dit op skrif geplaas word en deur albei partye onderteken word nie.

5. Jurisdiksie

Dit word hiermee ooreengekom dat hierdie ooreenkoms onderworpe is aan en geïnterpreteer sal word ooreenkomstig die reg en die wetgewing van die RSA en dat dit verder onderworpe is aan die jurisdiksie van 'n bevoegde hof in die RSA.

6. Kredietinligting

Die ondergetekende, voog, verantwoordelike persoon of borg gee hiermee toestemming aan die Skool om kredietinligting oor hulself te bekom, te deel en uit te ruil met enige kredietburo of ander instelling met wie hulle finansiële transaksies gehad het of kon gehad het. Ook sodanige inligting wat versoek word kragtens enige omstandighede soos beoog word in die Nasionale Kredietwet 34 van 2005.

7. Domicilium

Die partye kies as hulle domicilium citandi et executandi vir alle doeleindes van hierdie ooreenkoms die adresse soos uiteengesit in die aansoek.

8. Regskoste

Indien die rekenpligte nie die skoolgelde betaal nie en die Skool besluit om regstappe teen die rekenpligte te neem, onderneem die rekenpligtige om die regskoste te betaal vir die invordering van die uitstaande skuld ten opsigte van skoolgelde, insluitende prokureursfooie op 'n prokureur-eie-kliënte-skaal, invorderingsfooie en –kommissie, rente en opsporingskostes.

9. Kansellasie

Die rekenpligtige onderneem om een kalender maand kennis te gee, indien die leerder die skool sou verlaat om welke rede.

Geteken ……..

Intreedatum: ..... Pastel nr: .....

CHRISTELIKE PRIVAATSKOOL MALMESBURY

Landbou Skougronde
Posbus 691
Malmesbury
7299

Tel: 022 487 2142
Faks: 022 482 1583
E-pos: cpmkantoor@telkomsa.net
Webwerf: www.cpmschool.co.za

Aansoek om toelating

Volledige dokumente deur skool benodig

Afskrifte van die volgende:	Geboortesertifikaat	Getekende terme en voorwaardes
	Skoolrapport (Gr. 1 – 7)	Getekende onderneming deur ouers
	Immuniseringskaart	
	Ouers se ID-dokumente	
	Terapeut/Spesialis verslae	

Leerderbesonderhede

Aansoek vir Graad:

Van:	Noemnaam:		Ras:		
Volle voorname:			Nationaliteit:		
ID-nommer:			Geboortedatum:		
Onderrigtaal:			Huistaal:		
Geloof:			Geslag:		
Leerder woon saam met:	Albei ouers	Vader	Moeder	Voog	Pleegsorg

Mediese inligting

Chroniese siektes/allergieë:	
Medikasie wat geneem word:	
Huisdokter:	Telnr.:
Mediese Fonds:	Lidnr.:
Mediese Fonds hooflid:	
Naasbestaande (indien ouer nie beskikbaar is nie):	
Verwantskap:	Kontaknommer:

Toestemming

NB: In 'n noodgeval, wanneer daar nie tyd is om die leerder se persoonlike lêer na te slaan nie, plaas ek die Skoolhoof of sy gedelegeerde in *loco parentis*, indien mediese/chirurgiese behandeling vir die leerder nodig mag wees.

Handtekening van ouer/voog: _____ Datum: _____

Vorige skool

Naam:	Laaste graad/Jaar:
Naam van skoolhoof:	Graad/grade herhaal:
Tel nr.:	Datum verlaat:
Adres:	CEMIS nr.:
Rede vir verlating:	

Besonderhede van ouers/voogde

	Vader/Stiefpa/Voog	Moeder/Stiefma/Voog
Titel:		
Van:		
ID nommer:		
Volle name:		
Noemnaam:		
Huwelikstatus:		
Woonadres:		
Posadres:		
Huis tel nr.:		
Selnommer:		
Epos:		
Werkgewer:		
Beroep:		
Werk tel nr.:		

Besonderhede van rekenpligtige

Van:			Titel:	
Volle name:			Verwantskap:	
Betaalopsie:	Maandeliks - EFT	Maandeliks - Debietorder	Kwartaalliks	Jaarliks
Vul slegs die volgende in indien dit verskil van bogenoemde inligting.				
Woonadres:				
Posadres:				
Huis tel nr.:			Selnommer:	
Epos:				
Werkgewer:			Werk tel nr.:	
Beroep:				

Betalingsopsie

Ek, _____ ,
(naam en van van rekeningpligtige)

ouer/voog van (name en grade van kind/ers):

_____ Graad ____

_____ Graad ____

_____ Graad ____

_____ Graad ____

dui hiermee aan dat ek graag die skoolfonds van 201..... aan die *Christelike Privaatskool Malmesbury* op die volgende wyse wil betaal:

☐ Maandeliks: Debietorder

☐ Maandeliks: EFT

☐ Kwartaalliks

☐ Jaarliks (betaalbaar voor 31 Jan van betrokke jaar)

Bankbesonderhede van skool:

Rekeningnaam:	Christelike Privaatskool Malmesbury
Bank:	Nedbank
Takkode:	128 505
Rekeningnommer:	128 505 2307

_____ _____

Handtekening Datum